HIGHWAY MINISTRY

FORWARD FOR CHRIST

HIGHWAY PRAYER PATROL

1. INLEIDING:

Highway Prayer Patrol is sedert 2006 deel van Highway Ministry se projekte.
Dit is 'n gebedsaksie wat daar op gemik is om die sterftes op ons paaie te voorkom deur gebed en betrokkenheid by die bekamping van padongelukke.

2. HIGHWAY MINISTRY SE VISIE:

Highway Ministry was oorspronklik gerig op die Swaarvragmotorbedryf, maar het intussen hulle horison uitgebrei en fokus nou op alle padverbruikers. Dit is 'n Interkerklike, nie-winsgewende organisasie, wat dit ten doel het om die Woord van God en die Liefde van Jesus Christus onder die aandag te bring en in die harte te vestig van elke persoon wat ons land se paaie gebruik.

3. HIGHWAY PRAYER PATROL:

DOELWITTE:

- Om God te verheerlik deur gelowiges te mobiliseer om in te tree vir alle padverbruikers gedurende die Paasnaweek, Kerstyd en ander jaarlikse vakansies;
- Om programme soos Arrive Alive te versterk en te ondersteun as teenvoeter teen padongelukke;
- Om werklike transformasie in die hart en verstand van Suid Afrikaanse padverbruikers te bewerkstellig, deur hulle gesindheid en ingesteldheid te verander wanneer hulle die paaie gebruik;
- Om gemeenskappe bewus te maak van die werklikheid van padongelukke en die invloed daarvan op gesinne, gemeenskappe en die landsekonomie;
- Om te bid vir verkeersbeamptes, noodpersoneel en polisie, asook hulle families, en hulle by te staan met hulle behoeftes terwyl hulle aan diens is;
- Om kerke en gemeenskappe te mobiliseer om betrokke te raak by die aktiwiteite van die gebedsaksie;

4. STRATEGIE:

4.1 Die oprigting van Gebedstente langs alle nasionale paaie van die land vanaf Kaapstad tot Musina.
4.2 Die verkryging van borge en ondersteuning van alle belangrike belangegroepe bv. Versekeringsmaatskappye, die

Motorindustrie en ander rolspelers op plaaslike en Nasionale vlak.

4.3 Die mobilisering van gemeenskappe en kerke om betrokke te raak by die bekamping van padsterftes.

4.4 Om vennootskappe met bestaande inisiatiewe te sluit.

4.5 Om deur middel van pakette, bestaande uit CD's, met Evangelie boodskappe, musiek, en padveiligheid wenke te verskaf deur die Departemente van Vervoer (Padveiligheid) en Gesondheid (HIV/VIGS) en geestelike lektuur met tersaaklike inligting.

NB. Die pakette word deur Highway Ministry voorberei en u kan dit direk van Highway Ministry bestel.

5. OPERASIONELE STRATEGIE:

Gebedspanne

Die vestiging van Gebespanne bestaande uit vrywillige gelowiges om langs al die besige roetes tydens spitstye te bid. Hierdie vrywillige Gebedspanne sal self bepaal hoe hulle mekaar aflos en sal hul eie koördineerder verkies/aanstel. Highway Ministries sal die Gebedspanne ondersteun op enige manier moontlik deur middel van bv, die voorsiening van literatuur, leiding en raad.

6. VENNOOTSKAPPE:

- ARRIVE ALIVE
- TRANSFORMASIE AFRIKA
- GLOBAL DAY OF PRAYER
- JERIGOMURE GEBEDSNETWERK
- EMERGENCY SERVICES CHAPLAINCY
- AUTOMOBIEL ASSOSIASIE
- ALLE CHRISTEN KERKE

AFSLUITING:

Betrokkenheid by hierdie inisiatief sal die volgende resultate hê:

- Bespoediging van gemeenskapsbewusmaking en betrokkenheid in padveiligheidinisiatiewe;
- Mobilisering van groepe toegewyde mense by toekomstige padveiligheidsinisiatiewe;
- Die verandering van hoe mense dink oor padveiligheid en hulle gesindheid;
- Einde van sterftes op ons paaie.
- **Die verheerliking van ons Skepper.**

Nasionale Dag Van Gebed Teen Padsterftes 10 & 11 Oktober 2015

Genoeg is Genoeg! Daar sterf bykans 18,000 mense jaarliks op ons land se paaie, d.w.s, 50 mense per dag.
God die Vader roep ons op om hierdie sinnelose slagting op ons paaie nou tot 'n einde te bring.

Highway Prayer Patrol, wat sedert 2006 dit ten doel het om padsterftes te bekamp deur gebed en direkte betrokkenheid by Arrive Alive en ander padveiligheids aksies, het opdrag van die Here ontvang om 'n nasionale dag van gebed teen padsterftes te organiseer.

Hierdie gebedsaksie sal oor twee dae, Saterdag 10 Oktober 2015 en Sondag, 11 Oktober 2015, plaasvind.

Saterdag 10 Oktober 2015, sal die gebedspanne uitgaan na hoë risiko areas waar ongelukke gereeld voorkom, om dan daar te bid teen ongelukke en padsterftes.

Hierdie areas kan ge-identifiseer word in samewerking met Polisie en Verkeersafdelings in u dorp en omgewing.

Vir Sondag, 11 Oktober 2015, sal daar ’n beroep gedoen word op alle Christelike kerke en instellings om boodskappe en gebed te wy aan die oorsake en redes vir hierdie geweldige hoë sterfte syfer op ons land se paaie.

Daar word ’n beroep gedoen op leiers van alle Christelike denominasies om op die dag te fokus op padveiligheid vanuit ’n Bybelse perspektief. Gemeentes en organisasies kan die dag inklee deur o.a Verkeersbeamptes en Polisie te nooi om te praat oor wat hulle ervaar en beleef oor padgebruikers se gedrag en ingesteldheid en wetsgehoorsaamheid.

Die Tema vir hierdie gebedsnaweek is:

“Padveiligheid begin by My”

A. Aangeheg is die persverklaring van die Minister van Vervoer, Dipuo Peters, na afloop van die paasnaweek.

B. Die doel en werkswyse van Highway Prayer Patrol.
   Met ‘n gebedsriglyn om mense te help om gefokus te bid vir ons padgebruikers en beamptes.

C. ’n CD Voorlegging van die werksaamhede van Highway Ministry.

D. Om deel te word van hierdie lewens veranderende gebedsaksie, vra ons dat u asseblief u dorp, of stadsgemeente sal registreer as deel van die aksie, sodat ons seker kan maak dat elke moontlike pad in die land onder gebedsdekking geplaas word.

Hierdie brief is daarop gemik om die volgelinge van Christus tot optrede en aksie te roep en ’n verskil te maak.

Die aksie in u dorp of stad kan ingeklee word na eie goed denke.

Vir meer inligting en deelname, skakel:-
016 349 1996
083 455 7814 of e-pos:
highwaymin@lantic.net
highwayprayerpatrol@lantic.net

Vriendelike Groete,
Saam in Sy Diens

Jan de Bruin
Uitvoerende Direkteur